
# 99 Ek is U s'n Heer, het u stem gehoor




Maak my nou bekwaam tot u diens, o Heer;
skenk genade, onbeperk.
Anker vas in U my geloof al meer;
laat my in u Wil steeds werk.

***R.*** *Trek my nader, nader, liewe Heer,*
*aan die kruis, waar U moes ly;*
*trek my nader, nader liewe Heer,*
*aan u eens deursteekte sy.*

O, die vreugde soet van ‘n enkel uur;
as ek voor u troon gaan staan;
daar kan ek met U in gebed verkeer,
soos ‘n vriend met vriend omgaan. ***R.***

Daar is liefdedieptes nog nie gepeil;
voor ek land op hemelskus;
daar is blydskap hoogtes nog nie bereik,
tot ek veilig by U rus. ***R.***

Frances J. van Alstyne (1820-1915) W.H. Doane (1832-1916)